# U3A STILBAAI

## NUUS

**9 November 2020**

### MAANDELIKSE PRAATJIE

Maandag, 30 November 2020 om 09h30
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes

### DIE STILBAAI POSPROJEK VAN 2020

**Karel Nel**

Karel Nel is ʽn chemiese ingenieur en ʽn ywerige seëlversamelaar. Die Suid-Afrikaanse Posdiens het die afgelope jare verswak, met die gevolglike klagtes van posstukke wat nie afgelewer word nie, ens. Karel het besluit om op ʽn wetenskaplike wyse te bepaal hoe goed die posdiens na en van Stilbaai werklik is, en het die Stilbaai Posprojek geloods. In sy praatjie vertel hy ons van die projek en die resultate van sy ondersoek.

### Vergadering reëlings

Vir hierdie vergadering moet ons voldoen aan Covid-19 regulasies.

1. Getalle in Die Waenhuis toegelaat is beperk, dus sal ons besprekings neem vir die vergadering sodat mense nie onnodig opdaag nie. **Moet nog nie bespreek nie**, ons sal u laat weet wanneer besprekings oop is.
2. Besprekings sal in volgorde van ontvangs aanvaar word, ons sal almal in kennis stel van suksesvolle aansoeke. Dié wat nie suksesvol is nie, sal op ʽn waglys geplaas word indien iemand onttrek.
3. Omdat lede getalle beperk word, sal geen besoekers toegelaat word nie.
4. Alle persone wat bywoon moet maskers dra; die wat naamkaartjies het moet hul asseblief dra. Met die instap sal jul temperature geneem en opgeskryf word – enige persoon met 'n temperatuur van 37.8°C of hoër sal nie toegelaat word nie.
5. Om kontak tot ʽn minimum te hou, gaan ons nie nuwe lede inskryf en ledegelde ontvang nie.
6. Die wynloting sal wel gehou word, bring R5 saam vir ʽn kans om ʽn bottel baie goeie wyn te wen.

### PRAATJIES OP WEBTUISTE

Sommige van ons maandelikse praatjies is nou beskikbaar op video of as ʽn skyfievertoning met klank op ons webtuiste. Die praatjie oor die Stilbaai muggie, en ook die praatjie oor die Gouriqua reaktor wat nooit gebou is nie, is nou beskikbaar – op www.u3astilbaai.org gaan in op die Lesings blad vanaf die menu bo.

### KOMITEE

## NEWS

**9 November 2020**

### MONTHLY TALK

Monday, 30 November 2020 at 09h30
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai West

### THE STILBAAI POSTAL PROJECT OF 2020

**Karel Nel**

Karel Nel is a chemical engineer and a keen stamp collector. The South African Postal Service has deteriorated over the years, leading to complaints of late or non-delivery of postal items, etc. Karel decided to determine how good the postal service to and from Stilbaai actually is on a scientific basis, and launched the Stilbaai Postal Project. In his talk he tells us about the project and the results of his research.

### Meeting arrangements

For this meeting we must comply with Covid-19 regulations.

1. Numbers allowed in Die Waenhuis are limited, we will thus take bookings for the meeting so that people do not arrive unnecessarily. **Do not book yet**, we will let you know when bookings open.
2. Bookings will be accepted on a "first come first served" basis, we will inform you of successful bookings. Unsuccessful bookings will be placed on a waiting list in case of withdrawals.
3. As numbers of members are restricted, no visitors will be allowed.
4. All persons attending must wear masks, those who have name tags must please wear them. On arrival your temperature will be taken and noted – any person with a temperature of 37.8°C or higher will not be allowed to enter.
5. To keep contact to a minimum, we will not register new members or collect any membership fees.
6. The wine raffle will be held, bring R5 for a chance to win a very good bottle of wine.

### TALKS ON WEBSITE

Some of our monthly talks are now available on video or as a slide show with sound on our website. The talk about the Stilbaai midge, as well as the talk about the Gouriqua reactor that was never built, is now available – on www.u3astilbaai.org go to the Talks page from the menu at the top.

### COMMITTEE

To enable U3A Stilbaai to function effectively, we need members to serve on our committee; please contact

Om U3A Stilbaai se werksaamhede vlot te laat verloop, benodig ons lede vir ons komitee; kontak ons asseblief by info@u3astilbaai.org as u gewillig is. Dit is nie baie werk nie, maar dit is tog belangrike werk.

'n Nuwe komitee moet by ons AJV einde Januarie 2021 verkies word, en sommige van ons huidige lede is nie weer beskikbaar nie.

---

## OP SOEK NA IT SPESIALIS

Kan enige van ons lede help? Ons benodig 'n IT spesialis wat kan help om Zoom praatjies op te stel, en ook met die opstel van die klank en video apparaat in Die Waenhuis. Kontak ons by info@u3astilbaai.org.

---

## GROEPE

Groep aktiwiteite is slegs vir U3A lede.

- **Aandele Groep**: Die groep bly aktief. Kontak christoprins208@gmail.com.
- **Astronomie groep**: Die groep beplan om eers weer in 2021 te vergader; kontak Deon by begemannd@gmail.com as u by die groep wil aansluit.
- **Fotografie Groep**: Die groep vergader die tweede Maandag van elke maand om 18h00 in Die Waenhuis, enige lid wat belangstel kan Lawrence by barltrop@telkomsa.net kontak.
- **Neurowetenskap Groep**: Die volgende vergadering is op Woensdag 18 November om 14h00 in Die Waenhuis; die YouTube praatjie "The Biology of Humans at our Best and Worst" (deur Dr Robert Sapolsky) is die onderwerp. Bespreek asseblief by Jenni by jennisharkey@gmail.com indien u belangstel.
- **Stapgroep**: Die groep stap elke Vrydag oggend. Die groep se sameroeper is Nico Steenekamp; kontak hom by nico.steenekamp@gmail.com.
- **Voëlgroep**: Kontak krysiastenvert@gmail.com indien u belangstel om by die Voëlgroep aan te sluit. Vergaderings van die groep en voëlkyk uitstappies sal eers weer in 2021 begin. Meer inligting oor die groep is beskikbaar op www.u3astilbaai.org/birdgroup.

---

## KOMENDE PRAATJIES

Ons het nie 'n maandelikse praatjie in Desember nie, maar het reeds 'n lys van baie interessante praatjies vir 2021.

**Maandag, 25 Januarie 2021**: Ons eerste vergadering van 2021 sal ook ons Algemene Jaarvergadering wees. Die AJV sal baie kort gehou word en daarna sal Johan van Staden 'n lesing getitel "Maanperspektief" lewer.

us at info@u3astilbaai.org if you are willing. It is not much work, but it is important work.

A new committee must be elected at our AGM at the end of January 2021, and some of our current members are no longer available.

---

## SEARCHING FOR AN IT SPECIALIST

Can any of our members help? We need an IT specialist who can help with setting up Zoom talks, and also with the audio and video apparatus in Die Waenhuis. Contact us at info@u3astilbaai.org.

---

## GROUPS

Group activities are for U3A members only.

- **Astronomy Group**: The group will only meet again in 2021. If you are interested in joining the group, contact Deon at begemannd@gmail.com.
- **Bird Group:** Contact krysiastenvert@gmail.com if you are interested in joining the group. Meetings of the group and birdwatching outings will only recommence in 2021. More information is available on www.u3astilbaai.org/birdgroup.
- **Hiking Group**: There are hikes every Friday morning. Nico Steenekamp is the group's convenor, contact him at nico.steenekamp@gmail.com
- **Neuroscience Group**: The next meeting is on Wednesday 18 November at 14h00 in Die Waenhuis, viewing and discussing a YouTube video "The Biology of Humans at our Best and Worst" (by Dr Robert Sapolsky). Please book with Jenni at jennisharkey@gmail.com if you are interested.
- **Photography Group**: The group meets every second Monday of the month at 18h00 in Die Waenhuis. Any member interested can contact Lawrence at barltrop@telkomsa.net.
- **Shares Group**: The group remains active. Contact christoprins208@gmail.com.

---

## TALKS TO COME

We do not have a monthly talk in December, but we have a list of very interesting talks for 2021.

**Monday, 25 January 2021**: Our first meeting of 2021 will also be our Annual General Meeting. The AGM will be very short and after that Johan van Staden will give a talk entitled "Moon Perspective".

---

**WEES VERSIGTIG - COVID-19 IS NOG MET ONS.**

**BE CAREFUL - COVID-19 IS STILL WITH US.**

---

©2020. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.